# Hoe sterk is jou Geloof

Soos gedikteer aan Bertus Hanekom deur die innerlike woord van ons Verlosser, Jesus Christus, gedurende Januarie 2008 tot Februarie 2008.

# HOE STERK IS JOU GELOOF.

## Hoofstuk 1

### *Leer die waarheid ken van My Woord.*

*22 Januarie 2008 om 05h00*

Te veel gelowiges is swak. Te veel gelowiges lewe op ‘n vlak waar hulle geestelik niks beteken nie. Te veel van julle leef op die vlak van neerlaag, net omdat julle nie uitgestyg het tot die vlak van krag waar Ek, Elohim, bedoel het julle as gelowiges moet lewe nie. Nogtans moedig die Skrif julle aan om sterk te wees in My “en in die krag van My sterkte.” Niemand kan sterk wees in My, sonder om sterk geloof te hê nie. Daarom wil Ek in hierdie boodskap ses beginsels noem om ‘n groot geloof te verkry. As jy hierdie ses beginsels verstaan en as jy begin om hulle te beoefen en te gebruik, sal jy by die plek kom waar Ek, Elohim, van jou kan sê: “Jy het ‘n groot geloof.”

Julle word gedurig in die evangelies herinner aan wat Ek, die Messias, so dikwels vir My dissipels gesê het: “O, julle kleingelowiges; O, julle kleingelowiges;” weer en weer moet Ek sê: “O, julle kleingelowiges.” Kleingeloof is dieselfde as ongeloof. Klein is dieselfde as swak; swakheid is die teenoorgestelde van krag en krag is die teenoorgestelde van swakheid.

Ek, Elohim is sterk. Die Skrif sê dat Ek ‘n sterk toring is. Die Skrif sê dat Ek ‘n vesting van beskerming en verlossing is. Die Skrif sê ook dat Ek almagtig is, Ek is

sterk en die Skrif moedig julle aan om sterk in My te wees. Die Skrif sê dat Abraham sterk in die geloof was. Of soos geskrywe is : “Ek het jou ‘n vader van baie nasies gemaak, voor die aangesig van My in wie hy geglo het dat Hy wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan. Ja, en hy het nie deur ongeloof aan die belofte van My getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan My die eer gegee en was ten volle oortuig dat Ek ook die mag het om te doen wat Ek beloof het. Hiermee rig Ek, Elohim, ‘n uitnodiging aan julle: “Word sterk in My.” En jy sal sterk geloof verkry.

Amen.

# Hoofstuk 2

## *Geloof is die sleutel*

*22 Januarie 2008 om 15h20*

In die volgende boodskap wil Ek Abraham gebruik, een van die Ou Testamentiese patriarge, as ‘n voorbeeld van geloof. Ek, Elohim, wys Abraham daarop dat, hoewel hy ‘n ou man was en reeds vervalle was vanweë die ouderdom; en dat Sarah, sy vrou, omdat sy onvrugbaar was, nie kinders gehad het nie, – Ek Elohim nogtans aan Abraham gesê het dat hy op ‘n sekere tydstip in die volgende jaar ‘n kind sou hê. Sarah sou aan ‘n kind geboorte gee! Alles in die natuur het dit weerspreek; dit was onmoontlik vir Abraham en Sarah om ‘n kind te hê, maar Ek het gesê dat hulle ‘n kind sou hê en Abraham het nie na die omstandighede gekyk nie; Ek het nie daaraan gedink dat hy alreeds oud en Sarah onvrugbaar

was nie. Kyk, die Skrif sê van Abraham dat hy nie swak nie, maar STERK IN DIE GELOOF was en aan My die eer gegee het.

Die rede waarom Abraham sterk kon wees en die rede waarom hy aan My die eer kon gee, was omdat hy ten volle oortuig was. Ja, hy was ten volle oortuig dat Ek die mag gehad het om te doen wat Ek beloof het. Ek was in staat om dit te doen; Abraham het My geglo; Geloof is die sleutel wat die skatkis van die hemel oopsluit. Geloof is die sleutel wat My, die Almagtige, se arm beweeg. Geloof is die sleutel waardeur jy die begeertes van jou hart kan verkry. Julle geloof is welbehaaglik voor My.

As julle gelowiges kinders van ’n God van geloof wil wees, moet julle ook sterk wees. “Word kragtig in My.” Julle kan nie kragtig in My word, as julle geloof nie sterk is nie, want geloof is die sleutel wat die skatkis van die hemel oopmaak. Dit is geloof wat My behaag, en dit is deur geloof en in geloof dat julle My beloftes verkry. Jy sien dus dat as jou geloof sterk is, jy enige hindernis kan oorkom. As jou geloof sterk is, is daar geen berge wat te hoog vir jou is om oor te gaan nie. As jou geloof sterk is, is daar geen valleie wat te diep vir jou is om deur te gaan nie. As jou geloof sterk is, sal jy nie neerlae ly nie. Dus is die wagwoord vir gelowiges:

“WORD KRAGTIG IN MY EN IN DIE KRAG VAN MY STERKTE.”

Amen.

# Hoofstuk 3

*22 Januarie 2008 om 16h00*

Julle moet onthou dat geloof van My, Elohim, af kom, dit is die gawe wat Ek saam met die nuwe lewe gee. Ek gee julle geloof, maar hierdie geloof moet toeneem. Dit moet tot volwassenheid kom. Die geloof moet sterk word. Kyk, wanneer ‘n baba gebore word, is hy fisies nie sterk nie. Hy is fisies swak, maar as jy hom genoeg tyd, oefening en voedsel gee, sal daardie baba uit ‘n toestand van swakheid groei totdat hy sterk is. Net soos aan daardie pasgebore baba, is aan elke wedergebore gelowige deur My ‘n mate van geloof geskenk, maar daardie geloof is dan nog swak en dit is wanneer julle dit beoefen, wanneer julle die beginsel van geloof verstaan en daardie beginsel toepas, dat julle ‘n sterk geloof verkry. Julle kom by ‘n plek waar niks vir julle onmoontlik is nie, wanneer julle oorwinnaars kan wees en meesters van alle omstandighede. Want Ek, die Messias, het gesê: “... as jy kan glo, alle dinge moontlik is vir die een wat glo.”

As jy ware geloof wil beoefen, is die eerste ding wat jy moet doen, om te glo dat My Woord waar is. Jy moet My Woord as die waarheid besef, nie net raai wat dit is, daaroor filosofeer of slegs daarop hoop nie, maar jy moet die waarheid van My Woord ondervind. Laat My Woord ingang vind in jou gees en hart. Solank My Woord maar nog net woorde op die bladsye van die Skrif is en niks meer nie, sal dit nie vir jou enigiets beteken nie. Dit moet van die bladsye van die Skrif af in jou hart inkom, voordat dit vir jou iets kan beteken. Dit is nie genoeg om My Woord op skrif te hê nie. In die wilde worsteling, die geharwar en sleurgang van die alledaagse lewe sal dit vir jou niks beteken nie. Jy moet sorg dat My Woord in jou

hart lewe. Jy moet dit jou lewenservaring maak en nie net daaroor dink nie, jy moet die sekerheid hê dat jy My Woord waarlik ken.

Solank as wat My Woord vir jou weggesluit lê, sal dit vir jou niks beteken nie, al bevat dit die waarheid.

Amen.

# Hoofstuk 4

## *Hoe sterk is jou geloof?*

*23 Januarie 2008 om 10h55*

In die boek Hebreërs word daar iets kosteliks (voortreflik) gesê. Julle vind daar ‘n goddelike Openbaring oor die waarheid wat nie met die menslike verstand begryp kan word nie. Dit is ‘n waarheid wat jou hart moet verstaan. Dit moet jou gees deurdring en dan moet dit deur jou gees aan jou verstand oorgedra word. “Want My Woord is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg en is ‘n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.” Die Woord “lewend” is vir julle moeilik om te begryp. Julle verstaan nie eintlik wat dit beteken nie. Dit beteken “om lewendig te maak.” My Woord is LEWE! Ja, My Woord is lewendig en dit sal uitgaan en doen presies wat Ek, Elohim, bedoel het dit moet doen. Maar tensy dit vir jou ‘n lewende werklikheid word, sal dit vir jou persoonlik niks beteken nie, tensy dit deel van jou word. Lewende dinge bring gedurig nuwe lewe voort.

My Woord kan aan julle geestelike lewe gee, omdat die Woord lewend is. Daar is te veel gelowiges wat baie min

agting het vir die werklikheid van die lewegewende vermoë van My Woord. Voordat dit nie in jou lewendig word nie, sal jy nooit ’n sterk geloof hê nie. Jy sal nie in staat wees om sterk geloof te beoefen nie. Jou geloof sal swak wees; dit sal soos ‘n klein babatjie swak en hulpeloos wees, volkome van iemand anders afhanklik. Dikwels het julle nie waardering vir My Woord soos julle behoort te hê nie. Ja, baie van julle probeer hier loskom deur te sê: “Ag ek weet, die Skrif is deur ‘n mens geskryf.” Wie het dit vir jou gesê!? Tensy jy self teenwoordig was toe dit geskryf is, weet jy nie waarvan jy praat nie. Het jy die gedagtes van die persoon wat dit geskryf het, geken? Het jy sy gedagtes deur ‘n rekenaar laat ontleed? As jy nie daar was nie, kan jy nie sê dat ‘n mens die Skrif geskryf het nie.

Luister wat Ek, Elohim, sê? Die hele Skrif is deur My ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van My volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. Die hele Skrif is deur My ingegee, dit is goddelik geïnspireerd. Dit is ‘n lewende boek. DIT LEWE. Gou sal julle ontdek dat My Woord lewend is. Wanneer jy dit begin besef en daarvolgens handel, sal jy die kettings van swakheid, twyfel en onvermoë breek. Jy sal opstaan, omvou deur die arms van ‘n sterk geloof en jy sal in staat wees om My arm te beweeg. Julle weet dat julle My nooit na waarde kan skat nie, dat julle My nooit ten volle lief kan hê ... tensy julle My Woord liefhet. Julle sien, julle liefde vir My is gebaseer op julle liefde vir My Woord. As julle My Woord nie liefhet nie, het julle My ook nie lief nie.

Ek, Elohim, sal dit met die volgende hoofstuk vir julle uit My Woord bewys. Amen.

# Hoofstuk 5

*23 Januarie 2008 om 15h45*

Sommige van julle het julle lank gekwel oor die vraag, hoe jy My kan liefhê. Ja, julle het My nooit gesien nie. Hoe kan jy jouself ‘n gevoel van liefde vir My opwek, as jy My nog nooit gesien het nie? Hoe kan jy jouself sover bring om My lief te hê? Sommige sê weer, hoe kan jy My liefhê as jy nie My stem kan hoor nie? Op My voorwaardes sal Ek jou die antwoord gee! Ek sal jou leer soos dit in My Woord opgeteken is! En Ek, Elohim, wil dit vir jou wys. “Wie My gebooie het en dit bewaar, dit is Ek wat jou liefhet; en wie liefhet, hom sal Ek, jou Vader, liefhê, en Ek sal jou liefhê en My aan jou openbaar. As iemand My liefhet, sal hy My Woord bewaar, en Ek sal hom liefhê, en Ek sal jou aanneem. Hy wat My nie liefhet nie, bewaar My woorde nie; en die Woord wat julle hoor, is van My, jou Vader.”

Die geheim is dat julle My Woord moet liefhê. Julle moet My Woord doen en uitleef. Kyk, as die Skrif praat van “God se woord bewaar” beteken dit om te doen wat die Woord sê. Julle sê julle het My lief. Watter plek neem My Woord in julle lewe in? Die meeste mense probeer om My met hulle verstand aan te neem, maar dit kan nie so gedoen word nie. Ek, Jahshua het gesê: “My woorde is gees en is lewe. MY WOORDE IS GEES EN IS LEWE.” My woorde is nie intellektuele bespiegelings nie; hulle is nie filosofiese deurmekaarpratery nie, maar My woorde is gees en hulle is gerig tot die gees van die mens, tot jou innerlike wese – nie tot jou verstand nie, maar tot jou hart.

Ek het jou ‘n geestelike wese geskape en dis net deur die

gees dat jy My kan verstaan. Dit is namate jou gees onderrig ontvang dat dit onderrig aan die verstand kan gee, en dat jou verstand kan leer hoe om volgens My Woord te handel, in plaas van om volgens die logika, of volgens menslike insig te handel. As jy deur My Woord gevoed word; as jy ondervind het dat My woorde gees en lewe is, dan maak daardie woorde jou lewendig in jou hart. Hulle gee jou lewe in jou binneste. Ja, dit is meer as net 'n verbygaande droom; dit is meer as wat net vir 'n oomblik verskyn. Dit is iets wat standhoudend en lewend is. Dit is iets wat vonkelend en polsend van lewe is. Dit is iets wat 'n mens van binne warm laat voel. Ja, dit is nie 'n emosie nie, maar 'n besef van die werklikheid en die teenwoordigheid van My in jou eie gees. Die Woorde wat Ek, jou Messias, gespreek het: "My woorde is gees en My woorde is lewe" spreek tot jou gees.

Ja, so spreek Ek, julle Elohim, tot julle!

Amen.

# Hoofstuk 6

*24 Januarie 2008 om 01h00*

Voordat julle nie bewus is van My teenwoordigheid in julle lewe nie, sal julle nie in staat wees om 'n sterk geloof te beoefen nie en sal julle geloof nooit sterk word nie. Julle sal altyd die slagoffers van omstandighede wees. Gans te veel gelowiges is die slagoffers van omstandighede. Hulle word platgeslaan deur die golwe van beproewing; hulle word omgewaai deur winde van teëspoed; hulle word oorweldig deur Satan en sy skare dienare omdat hulle nie weet hoe om op te styg met die arendsvlerke van sterk geloof nie. Ja, julle verkeer in die

laagte van die vallei onder die bome met julle swak geloof, omdat julle nie die realiteit van My Woord leer ken het nie.

Daar mag van julle wees wat hierdie boodskap lees en slawe is van sekere dinge. Miskien is jy ‘n slaaf van nikotien, verdowingsmiddels, alkohol of wat ook al. Jy mag jouself bedrieg en sê: “O, ek kan dit enige tyd laat staan as ek wil.” As jy sterk drank nie kan laat staan nie, heers dit oor jou en jy is dan gebonde. Jy is net so verslaaf daaraan as wat ‘n gewoontegebruiker van verdowingsmiddels verslaaf is daaraan. Sommige van julle word geknel deur bande van vrees, jy is bang vir hoogtes, bang vir donker strate of ‘n donker huis. Te veel mense is gebonde. Maar Ek, die Messias, het gesê: “Bly in My Woord, leer ken die waarheid daarvan dat daar lewe in My Woord is.” As julle My Woord bewaar, het Ek bedoel dat julle My Woord gedurigdeur moet bewaar. As julle in My Woord bly, sal julle die waarheid ken, en as julle die waarheid ken, sal julle vrygemaak word.

Amen.

# Hoofstuk 7

*24 Januarie 2008 om 19h25*

Kyk, “EK IS WAT EK IS.” As julle My Woord bewaar, sal julle weet dat Ek nie wil hê dat julle in armoede moet leef nie. As jy gedink het dat die mens jou ondergekry het, dat die mens jou probeer verarm het, moet jy weet dat dit die hele tyd die werk van Satan was. Satan het sy werke verberg, sodat jy moes dink dat dit die man oorkant die straat was wat jou probeer onderdruk het. Ja, die Satan wil hê jy moet dink dat die ander man jou vyand is en nie

hy nie. Hy doen sy werke in die duisternis en dan skuil hy agter die valse indruk wat hy geskep het en probeer jou daarmee bedrieg. Satan is die een wat wil hê dat jy arm moet wees, maar Ek, Elohim, wil hê dat jy ryk moet wees. Om ryk te wees beteken dat daar oorvloediglik in al jou behoeftes voorsien is. Julle moet besef dat alles wat aan My, julle Vader, behoort, aan My kinders ook behoort. Maar as julle nie ondervind het dat My Woord ‘n lewende werklikheid is nie, dan sal julle, gebind deur armoede, deur die lewe gaan.

As julle die Skrif lees, sal julle vind dat My, Elohim se mense, die rykste was. Die Skrif sê dat Ek was, Ek nog steeds is en Ek altyd sal wees. My lig skyn oor My kinders. Kyk, Ek is nie daarteen gekant dat julle iets besit nie, Ek is gekant daarteen dat julle deur julle besittings besit word. Daar is ‘n groot verskil, My kinders. Ek wil nie hê dat julle daardie dinge eerste moet soek nie. Ek wil hê dat julle My eers moet soek en dan sal Ek julle al daardie dinge gee. Let daarop dat die Skrif nie sê dat dit van julle weggeneem sal word nie; maar dat dit bygevoeg sal word. Soek eers My koninkryk. Ek herhaal weer: “As julle My Woord bewaar, sal julle die waarheid ken.”

Julle het die rykdom van die hemel agter julle, omdat Ek, Elohim, agter julle is, maar julle sal dit nie weet voordat julle nie ondervind het dat My Woord waar is nie.

Ek sal vir elkeen sorg wat My daarom vra. Wees net lief vir My.

Amen.

# Hoofstuk 8

## *DAAR IS GRADE VAN GELOOF!*

*24 Januarie 2008 om 19h25*

Die Skrif praat van swak geloof; die Skrif praat van sterk geloof; die Skrif praat van groot geloof; die Skrif praat van “o julle kleingelowiges”; die Skrif praat van geloof wat toeneem; die Skrif praat van ongeveinsde geloof; en die Skrif praat van geloof wat skipbreuk gely het.

Uit hierdie beskrywende woorde kan julle aflei dat Ek dit onder julle aandag wil bring, dat daar grade van geloof is. Dit is nie maar net ‘n geval van jy het of geloof, of jy het dit nie. Die Skrif leer julle dat julle met ‘n sterk geloof die beloftes van My, Elohim, verkry. Dit is julle wat wandel in die volheid van My seëninge. Ja, wat nodig is om My arm te beweeg – STERK GELOOF. Net soos julle in die alledaagse lewe nie veel kan uitvoer met klein swak dingetjies nie, sal julle ook nie ver kom met swak geloof nie. Dit is alleen met sterk geloof dat My beloftes verkry kan word. Ek, Elohim is ‘n God van geloof en julle moet dit in gedagte hou. Julle as gelowiges is My kinders. Julle is geloofskinders van ‘n God van geloof. As julle My wil behaag en julle wil hê dat My beloftes vir julle waar moet word, dan moet julle dit deur die kanaal van geloof doen en verkry. “En sonder geloof is dit onmoontlik om My te behaag; want hy wat tot My gaan, moet glo dat Ek ‘n beloner is van die wat My soek.”

As julle in die spieël kyk, sien julle wat verkeerd is. Dit is nie vir julle ‘n probleem om wat verkeerd is, raak te sien nie, julle probleem is om te weet hoe om dit wat verkeerd is, reg te maak; hoe julle ontslae kan raak van dit wat verkeerd is. Amen.

# Hoofstuk 9

## *Julle moet weet dat julle verlos is.*

*25 Januarie 2008 om 10h30*

Julle is nie in die proses om verlos te word nie. Julle gaan nie in die verre toekoms verlos word nie. As jy wedergebore is, is jy nou verlos. Voordat jy dit nie diep binne in jou hart as ‘n feit, as ‘n werklikheid besef nie (dat jy verlos is nie) sal jy nooit sterk geloof hê nie. Ja, jy sal nooit in staat wees om op die vleuels van sterk geloof op te styg en vlieg nie. As jy kan leer verstaan, as jy kan besef dat jy verlos is, dat Ek, Messias, jou vrygemaak het, hoef jy nie vry te word nie; jy hoef niemand te vra om jou vry te maak nie; jy is vry in My. Dan is jy besig om ‘n sterk geloof te verkry. As jy vry is in My, Messias, sal daardie vryheid vloei na elke aspek of gebied van jou lewe. Jy sal vind dat as jy dit eenmaal besef en nie net daaroor filosofeer nie, sal niemand, nee niemand nie, jou gebonde kan hou nie. Ek wat julle verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van My Liefde, in wie julle die verlossing het deur Sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes. Let daarop dat Ek julle bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel.

Die vraag is: Is jy ‘n deelgenoot? As jy nie ‘n deelgenoot van die erfdeel van die heiliges is nie, dan mis jy die seën en jy geniet nie jou voorregte nie. Jy woon in die kelderverdieping terwyl jy op die boonste verdieping moet woon. Ek wil jou op die boonste verdieping hê en as jy nie daar woon nie, is dit jou eie skuld. Ek, Elohim het jou reeds verlos. Ek, jou hemelse Vader sien dat jy gelukkig is daaroor. Ek praat van nou, ja, hierdie oomblik. Laat julle weer na die Skrif kyk. Let op, Ek sê: “... wat julle verlos het uit die mag van die duisternis.” Die Skrif sê dat Ek lig is, dan is die teenoorgestelde van My, duisternis, nie waar nie? Daarom, as daar gesê word dat julle verlos is

van die mag (gesag) van die duisternis, dan beteken dit dat julle verlos is van dit wat teen My is. Die duisternis het geen regsbevoegdheid om julle in bande te hou nie.

Baie dinge bestaan in julle lewens as gelowiges, net omdat julle dit toelaat om te bestaan. Die duisternis is Satan se koninkryk. “Want julle worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste van die lug.” Hierdie vers sê vir julle baie duidelik dat die vyand nie vlees en bloed is nie.

My Woord is vir ewig gevestig in die hemel, daarom kan dit nie misluk nie.

Julle is vry!

Amen.

# Hoofstuk 10

## ***Handel daarvolgens.***

*25 Januarie 2008 om 12h15*

Dit sal nie vir jou uitwerk tensy jy dit glo, daarvolgens handel en dit bely nie. Jy moet doen wat nodig is om hierdie dinge van My te ontvang. Jy moet uitvind hoe jy veronderstel is om daaruit voordeel te trek, of waaruit jy veronderstel is om voordeel te trek, of wat jy veronderstel is om te doen. As jy dit begin doen, dan sal dit vir jou werk. Jy kan vry wees van enigiets wat jou gebonde hou – enigiets.

Kyk, die bose geeste is die oorsaak dat julle die verspotte dinge doen wat julle wel doen. Het jy al ooit stilgesit en

gedink hoe verkeerd jy kan optree? As julle veronderstel is om opgevoed en tegnies onderleg te wees, tog doen julle die verkeerde dinge in die wêreld. Vanweë julle lewenswyse, pleeg julle daagliks selfmoord. Julle stort voorwerpe wat die lug besoedel en julle versmoor in die lugruim. Julle sal ‘n sigaret opsteek en rook ten spyte van die uitnodiging en waarskuwing om julle te reinig. Gesien vanuit die standpunt van Christelike etiek, weet julle dat dit verkeerd is. Die liggaam is My tempel en julle behoort dit nie te besoedel nie.

Jy moet begin doen wat die Woord vir jou sê. Die Woord sê vir jou dat jy vrygemaak is. Jy is verlos. Die Woord sê: “Deur die woord van julle getuienis en deur die bloed van die Lam het julle oorwin”. Dit is hoe jy sal oorwin, deur jou getuienis hierby te begin voeg, as jy dit begin bely en sê: “Dit is wie ek is en dit is wat ek het,“ dan sal dit vir jou begin werk, maar solank as wat jy dit nie doen nie, sal jy in gebondenheid verkeer.

Kan julle My, Elohim, se Woord glo? Handel dan volgens My Woord!

Amen.

# Hoofstuk 11

## ***God se Woord verander nooit.***

*28 Januarie 2008 om 14h30*

'n Mens se woord kan verander, maar My Woord nooit. Ek, Elohim, is gister en vandag en tot in alle ewigheid dieselfde. Wat Ek ookal gister was, is Ek vandag; wat Ek ookal gister was, sal Ek môre wees, en wat Ek ookal môre is, sal Ek vir ewig wees. Ek verander nooit.

Kyk, Ek het gesê: "Voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of titteltjie, nie een komma of kommapunt of vraagteken uit My Woord ooit verbygaan, totdat alles gebeur het nie." Ek het ook gesê:

"So sal jou woord wees wat uit jou mond uitgaan: Dit sal nie leeg na jou terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur." Al hierdie genoemde Skrifgedeeltes is in My Woord, maar jy moet daarvolgens handel. As jy op die woord van 'n swak menslike wese wat vol foute is kan handel, waarom kan jy nie op My Woord handel nie? Al wat jy hoef te doen, is om te sê: "Alle dinge is onder my voete en dan begin handel asof dit is."

Ek het gesê: "ALLE DINGE." Die rede waarom alle dinge onder jou voete is, is omdat julle verlos is van die mag van die duisternis. Daardie magte het geen regsbevoegdheid om julle gebonde te hou nie. Ja, hulle sal jou in bande hou as jy hulle toelaat om dit te doen. Maar as jy, deur die woord van jou getuienis My Woord in jou mond neem en die mag van die Satan oor jou lewe breek, kan jy vry wees. Voordat dit nie in jou lewe 'n lewende werklikheid is nie, sal jy nooit groot geloof kan beoefen nie, want jy sal nooit seker wees waar jy is nie; jy sal altyd wonder of Ek, Elohim, jou liefhet; wonder of Ek jou gaan seën; en wonder of Ek jou gebed gaan verhoor. Aangesien julle verlos is, aangesien alle dinge onder julle voete is, aangesien die geheim is dat julle die getuienis van julle lippe moet voeg by wat My Woord verklaar, laat julle uitvind hoe Ek julle sien: "Kyk wat 'n groot liefde wat Ek, julle Vader, aan julle bewys het, dat julle My kinders genoem kan word ... "

Ja, julle is My kinders. Julle is verlos uit die koninkryk van die duisternis, en dit het geen reg om jou in bande te hou

ten opsigte van enigiets nie.

Kyk, julle neem vuil klere na 'n wassery om dit te laat skoonmaak, nie waar nie? Dit is waarvoor Ek en My Woord daar is – om skoon te maak.

Julle word dag na dag, week na week en maand na maand skoner. Nie een van julle het al by julle eindbestemming aangekom nie. Nie een van julle is al volmaak nie. Die werklikheid is dat Ek, Messias, die gesag van Satan en al sy demoniese magte geneem het, en al die magte in die koninkryk van die duisternis en hulle gesag oor My liggaam verbreek het. Satan heers nie meer oor die lewens van gelowiges nie, of hy het nie die reg nie.

Al wat julle moet doen om hom te stop as hy (Satan) met sy leuens en versoekings kom, is om jou hand in My Naam op te hou en te sê: "Satan jou mag is gebreek, Jahshua het my bevry van jou mag. Jy Satan, het geen gesag oor my lewe nie." En hy sal weggaan.

Amen.

# Hoofstuk 12

## *Leer om jouself te sien soos God jou sien.*

*28 Januarie 2008 om 15h10*

Julle moet leer om julleself te sien soos Ek, Elohim, julle sien, nie soos Satan julle sien nie. Voordat julle nie geleer het om julleself te sien soos Ek julle sien nie, sal julle nooit 'n sterk geloof hê nie, julle sal altyd swak in die geloof wees. Julle sal altyd 'n geestelike lewe ly wat van geestelike neerlaag getuig en julle sal nooit styg tot die

posisie waar julle van julle regmatige bloedgekoopte voorregte gebruik kan maak nie. Julle moet julleself sien soos Ek julle sien. 'n Nuwe skepsel in My, Messias. "Daarom, as iemand in My is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword." Dit is nie julle liggaam wat nuut is nie, dit is julle gees.

Julle is nuwe skepsels in die gees, die innerlike mens. Die Gees, die innerlike mens, is die mens wat teenoor My moet reageer.

Hou asseblief in gedagte dat Ek wil hê dat julle moet julle self sien soos Ek julle sien. Dit is wat belangrik is. Selfs op die natuurlike vlak is dit belangrik. Die dinge van die gees werk op 'n baie mooi manier, dit is nie baie belangrik wat julle van iemand dink nie. Dit is ook nie baie belangrik wat iemand van julle dink nie. Wat van belang is, is wat Ek, Elohim, van julle dink. Hoe sien Ek julle. Julle werke en alles wat julle doen moet wees met die doel voor oë om My te behaag.

Ek is die een wat die mag het om julle te beloon. Ek is die een wat die mag het om julle te bevorder. Julle moet julleself begin sien as 'n nuwe skepsel in My en julle moet daarvolgens handel. Die nuwe skepping moet vir julle 'n werklikheid wees. Dis nie net 'n idee nie, dit is `n onbetwisbare feit, dit is 'n werklikheid. As julle besef dat julle 'n nuwe skepsel in My, Jahshua Messias is, kan dit 'n groot verskil in julle geestelike lewe maak. Ja, dit kan die verskil wees tussen 'n oorwinnende lewe, of om maar net volgens tradisie voort te leef. Kyk, julle hoef nie dieselfde te bly nie. Julle kan groei en weet dat julle groei. Julle kan sterker word in die geloof en julle kennis aangaande My dinge kan toeneem. Julle kan nader aan My wandel.

Menige gelowiges leef op 'n laer vlak as wat hulle behoort te leef.

Hulle maak nie gebruik van die regmatige voorregte wat hulle in My het nie, omdat hulle nie verstaan of besef dat hulle nuwe skepsels is nie.

Ja, hulle dink hulle is maar nog net soos hulle altyd was. Hulle begryp nie dat hulle nuwe skepsels is nie.

Amen.

# Hoofstuk 13

## *Jou verantwoordelikheid.*

*29 Januarie 2008 om 10h30*

Nou is dit jou verantwoordelikheid om iets aan jou (die mens) aan die buitekant, die vlees of die liggaam, te doen. Dit is noodsaaklik dat jy moet verstaan dat jy My, Elohim, se kind is as jy weer gebore is, jy is wettiglik My kind en omdat jy wettiglik My kind is, het jy 'n wettige reg op alles wat Ek het. Dit behoort aan jou. Al wat julle moet doen, is om daarvoor te vra. Dit is hoekom Ek vir julle sê: "Bid en vir julle sal gegee word; soek en julle sal vind; klop en vir julle sal oopgemaak word," Julle sien, julle is wettiglik My kinders, en omdat julle wettiglik My kinders is, het julle 'n wettiglike reg op alles wat die hemel aanbied. As julle as gelowiges dit verstaan, sal julle uitkom uit julle armoede–sindroom; julle sal uitkom onder al die siekes, en julle sal begin wandel op die hoogtes van STERK GELOOF. Julle sal julle bloedgekoopte regte begin uitoefen, julle wettige regte – en julle sal die kettings van duisternis en sonde, siekte en armoede, geestelike dood en Satan en bose geeste begin breek.

Julle sal julle kindskap begin uitoefen en hierdie lewe leef soos My kinders behoort te leef.

Julle is My wettige kinders; Ek, Elohim, wil vir julle sorg. Maar weet julle dat Ek nie vir 'n kind kan sorg as hy nie wil toelaat om dit te doen nie. Ek kan julle nie verplig om iets te aanvaar nie. Julle moet dit self doen, alleen deur geloof.

My kinders, onthou dat Ek, Jahshua Messias, is die Hoof van die liggaam.

Amen.

# Hoofstuk 14

*29 Januarie 2008 om 11h15*

Of julle dit nou wil weet of nie, Ek, Jahshua, moes geestelik sterf. Ek het tweemaal gesterf. Die Skrif sê dat Ek vir julle sonde geword het, en Ek het die sonde in die vlees veroordeel. Die enigste manier waarop Ek sonde in die vlees kan veroordeel, was dat Ek self sonde moes word. Dit is wat Ek in die Tuin van Getsemané bedoel het waar Ek gebid en gesê het: "Vader as dit U wil is, laat hierdie beker by My verbygaan." Daardie "beker" waarvan Ek gepraat het, het al die afsaksels van sonde en veroordeling bevat, en Ek was op die punt om daardie beker te drink, om in die proses Sonde te word. My natuur en My Gees het daarteen in opstand gekom, en Ek het gesê: "Vader, as daar enige ander manier is, laat hierdie beker by My verbygaan," omdat dit beteken het dat Ek, wat geestelik lewendig was vir Elohim en geen sonde geken het nie, nou geestelik moes sterf deur daardie beker te drink. Ja, daardie beker het die sonde van die hele wêreld verteenwoordig.

As Ek, Jahshua, julle offer wou wees, moes Ek sterf en sonde word. Dit word daarom bedoel wanneer daar gesê word, Ek het geestelik gesterf. Kyk, julle kan nou weer gebore word as gevolg van wat Ek vir julle gedoen het, en op grond van wat Ek vir julle gedoen het, kan julle wettiglik My, Elohim, se kinders word. Julle is wedergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur My Lewende Woord wat tot in ewigheid bly. Julle is weer gebore deur My Woord. Ja, julle is weer gebore deur My Woord en My Gees. Dit is die Gees wat lewendig maak deur die Woord: Namate die Gees die Woord vrugbaar maak, word dit lewendig in julle. Dit is julle verantwoordelikheid om te handel soos lewende kinders van My, Elohim. Kyk die Skrif sê: "En julle het Ek lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sonde." Ja, jy was dood! Jy was dood in sonde, jy was dood in misdade en daar staan dat Ek jou lewend gemaak het in Messias. Want julle is My maaksel, geskape in Jahshua Messias tot goeie werke wat Ek, Elohim, voorberei het, sodat julle daarin kan wandel. Besef julle, dat elke keer as julle julleself verkleineer, elke keer as julle sê "Ek is onwaardig, ek beteken niks, of ek is swak en ek kan dit nie doen nie, en ek is nie goed genoeg nie," werp julle 'n klad op My mooi skepping.

As jy jouself begin sien, as jy na jouself begin kyk en sê: "Jy is 'n kind van Elohim. Jy is 'n kind van My, die Koning. Jy is 'n erfgenaam en mede-erfgenaam van Jahshua Messias." As jy dit sê, in plaas van al die negatiewe dinge wat jy bely het, sal jy begin styg na die vlak vanwaar jy in staat sal wees om sterk geloof te beoefen.

Uit genade is julle gered!

Amen.

# Hoofstuk 15

## ***Raak ontslae van jou sondebewustheid.***

*29 Januarie 2008 om 13h00*

As julle sê dat julle sondaars is, gered deur genade, bely julle steeds dat julle in dieselfde toestand is voordat Ek, Jahshua, julle gered het. Julle is besig om julleself te veroordeel. As jy 'n nuwe skepsel is, is jy nie meer wat jy was nie. Hou dus op om te bely en dan dink dat jy nederig is. As jy dit doen,is jy onkundig en jy voed die duiwel se leuen. Hou op om so te sê. Jy is nie 'n sondaar gered uit genade nie. Jy was 'n sondaar, maar jy dank My, Elohim. Ek het jou deur My genade gered, en nou is jy 'n nuwe skepping. Jy is weer gebore. As jy voel dat jy 'n sondaar is, behoort jy op te hou om soos 'n sondaar te leef. Jy moet onthou dat jou verlede begrawe is, dit bestaan nie meer nie. Dit is alreeds geoordeel en dit sal nooit meer opstaan teen jou nie. Kyk, in die Skrif is geskryf: "Ek, Elohim, Ek is dit wat jou oortredinge uitdelg om My ontwil, en aan jou sondes dink Ek nie, Ek het jou sondes uitgewis, nie om jou onthalwe nie, maar om My ontwil". As Ek, Elohim, dit nie meer onthou nie, waarom onthou jy dit dan?

As jy weer gebore is, behoort daar nie meer sondebewustheid te wees nie, omdat Ek gesê het: "Ek sal jou oortredings uitdelg om My ontwil en Ek sal aan jou sondes nie meer dink nie". As jy sondig, moet jy daardie sonde bely en dan vergeet daarvan. Die duiwel sal probeer om jou dit te laat onthou. Leser, as jy eenmaal vergewe is, dan is jy vrygemaak. Ja, Ek vergeet daarvan nadat jy My gevra het om jou te vergewe. Luister na

hierdie woorde: "Want deur een offer het Ek vir altyd volmaak, die wat geheilig word. En ook die Heilige Gees gee aan julle getuienis; want nadat Ek tevore gesê het: Dit is die verbond wat Ek met julle sal sluit na die dae: Ek sal My wette gee in julle harte, en in julle verstand sal Ek dit inskrywe. En aan julle sondes en julle ongeregtigheid sal Ek nooit meer dink nie." Jy hoef nie met jou stert tussen die bene te kom nie. Jy hoef nie al knielende en kruipende op jou hande en knieë te kom nie. Daar staan geskrywe: "Laat julle toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid.

Ek, Jahshua, sê vir julle: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie My Woord hoor en My glo wat My gestuur het, het die ewige lewe, en kom NIE in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe." Ja, jy is geoordeel deur My, Jahshua se bloed en Ek, Elohim, het jou aangeneem as My kind. Jy moet begin lewe asof jy My kind is. Kyk, Ek het alreeds genade aan jou betoon. Omgord die lendene van julle verstand, trek jou klere reg en staan fier en regop, want julle is My kinders.

Amen.

# Hoofstuk 16

*30/01/2008 om 12h10*

Onthou in die voorafgaande hoofstuk het Ek gesê dat julle oorgegaan het uit die dood in die lewe, en Ek herhaal weer dat julle nuwe skepsels in My is, julle is weer gebore, nie uit verganklike nie , maar uit onverganklike saad. Julle is My, Elohim, se kinders. En Ek dink nie meer aan julle sondes nie. Julle kan na ander skrifgedeelte kyk wat dieselfde sê as wat Ek gesê het.

"Daar is dan nou geen veroordeling meer vir die wat in My is nie,vir die wat nie na die vlees wandel maar na die Gees" Julle moet begin handel asof dit die waarheid is. Kyk Ek het gesê :"… Voorwaar, voorwaar , Ek sê vir julle dat elkeen wat sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is. En die dienskneg bly nie altyd in die huis nie , Ek bly vir altyd. As Ek julle dan vrygemaak het , sal julle waarlik vry wees." Wat Ek hier sê is dat as jy 'n dienskneg van die sonde is, is sonde jou baas.

Julle moet verstaan dat julle wettiglik vrygemaak is van sonde. Dit het geen wettige houvas op jou nie. Baie gelowiges redeneer dat hulle maar hulle natuurlike drange kan bevredig. "As Ek, Elohim, nie wou gehad het dat jy dit moet doen nie sou jy nie lus gehad het om dit te doen nie." Dit is 'n leuen wat die duiwel in jou geplant het. As jy dit geglo het en gesondig het omdat jy dit geglo het sou jy nie weerstand teen die sonde gebied het nie. Die Satan het dit daar geplaas om jou wee rte bind. As daar gesê word : "Dat julle nie meer die sonde sou dien nie" Daar word nie meer gesê dat "julle nie sal nie." Wat Ek sê kom daarop neer dat julle nie meer die sonde "behoort te dien nie." Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde . Jy is vry.

Iemand van julle mag sê: "Wel ek weet date ek elke dag moet bid omdat ek op die een of ander manier gesondig het." Dit is weereens 'n leuen wat die duiwel vir jou vertel het om jou sondebewus te maak. Jy weet wanneer jy gesondig het, en as jy nie dink dat jy gesondig het nie, vergeet dan daarvan. Jy kan hierop staatmaak , as jy nie bewus is van sonde en ook nie "n skuldgevoel het nie, moenie een prober opwek nie. Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan My, Elohim, het julle jul vrug tot heiligmaking en

uiteindelik die ewige lewe." Ek herhaal , julle is VRY. Kyk Ek sal in julle woon en onder julle wandel, en Ek sal julle Elohim wees, en julle sal vir My ;n volk wees. Ja, julle is My volk. Julle moet begin wandel soos kinders van My.Neem die dinge wat Ek vir jou beskikbaar gemaak het deur My verlossingswerk op Golgota en begin om 'n oorwinnende lewe te ly.

As jy begin bewus word van wie jy is, sal jy in staat wees om 'n STERK GELOOF te verkry, en wanneer jou geloof dan baie sterk geword het sal jy in staat wees om die deure van die Hemel oop te maak.

Amen.

# Hoofstuk 17

## *Jou geregtigheid in My (Messias) moet vir jou 'n werklikheid wees*

*02/02/2008 om 12h06*

Daar is baie gelowiges wat in My, Elohim glo, wat gereeld dienste bywoon en wat dit as die "onvergeeflike sonde" sal beskou as hulle dit nie bywoon nie, wat vir die res van die week sal voel dat daar iets verkeerd is, en tog het hulle nog nie geleer om sterk geloof te beoefen nie. As julle in My is, as julle My as julle persoonlike verlosser ken, dan het julle geloof. Die Skrif sê vir julle dat julle geloof het. Wat wel verkeerd is, is dat baie van julle geloof het wat swak is. Dit is waarom dit nie uitwerk nie. Kyk, as 'n battery swak is, sal dit nie die motor aan die gang sit nie. Net so min sal swak geloof geestelike dinge in jou lewe laat gebeur. Julle moet sterk geloof hê as julle die beste wil verkry wat Ek julle aanbied en wat tot julle

beskikking is. Ek, Elohim, wil hê dat julle die beste moet hê, maar dit word alles slegs verkry deur die kanaal van geloof.

As julle op die gebied van STERK GELOOF begin wandel, sal dinge vir julle begin regkom in julle geestelike lewe. Kyk, van julle sal sê: Jy weet nie of jy jou verpligtinge sal kan nakom nie. Jy kry so swaar noudat die lewenskoste so styg, jy weet nie wat jy gaan doen nie. Dinge is regtig moeilik, hoe gaan jy deurkom?" Julle sê dat julle die Skrif glo van Genesis tot Openbaring. Glo julle werklik? Kyk, die Skrif sê: "En Ek, Elohim, sal elke behoefte van julle vervul na My rykdom in heerlikheid deur My". Julle moet handel volgens wat julle glo. Dit is meer as om te net te glo. Julle moet dit wat julle glo, omsit in dade. Dit is wat geloof is: Om iets te doen omtrent wat julle glo. As julle sê dat julle glo, en julle handel nie daarvolgens nie, bedrieg julle julleself. Baie van julle sê: "O, ek het groot geloof, ek het nog altyd geglo", maar julle bly gefrustreerd en weet nie na watter kant om te draai nie. As julle geloof het, gebruik dit. Beoefen dit! Julle moet weet dat julle geregverdig is in My. Voordat julle nie hierdie dinge as 'n werklikheid in julle lewe aanvaar nie – nie daaroor dink of hoop dat dit so sal wees, maar dit werklik besef, as deel van jou alledaagse lewe, sal jy nooit 'n suksesvolle gelowige wees nie.

Ek, jou Hemelse Vader, herhaal weer: "Beoefen jou geloof."

Amen.

# Hoofstuk 18

## *Word meester van jou omstandighede.*

*02/02/2008 om 14h00*

As julle handel volgens wat die Skrif sê waar is, sal julle STERK GELOOF verkry. As julle leer om dit te doen, sal julle nie die slagoffers word van omstandighede nie, maar die meester daarvan. Kyk, julle kan al hierdie dinge waarvan Ek, Elohim gepraat het, op hierdie oomblik kry. Julle hoef nie te wag totdat julle eendag in die hemel is nie. Die dinge waarvan Ek praat is wat Ek Messias gesê het Ek gekom het om vir julle te gee. Ek het gekom dat julle lewe in oorvloed kan hê. Ek, Elohim, wil hê dat julle in hierdie lewe reeds daarvan moet geniet. Julle kan dit alles besit, omdat Ek dit vir julle gun, maar daar is sekere beginsels waarvolgens dit ontvang moet word. As julle dit nie ontvang volgens die beginsels wat Ek neergelê het nie, dan het julle dit nie van My, julle Vader, ontvang nie.

Amen.

# Hoofstuk 19

## *Geregtigheid is ‘n gawe.*

*06/02/2008 om 13h45*

Ja, dit is ‘n gawe. Julle kan dit nie verdien deur daarvoor te werk nie. Julle moet deur My, julle Elohim, regverdig verklaar word, en as Ek jou regverdig verklaar het, is jy regverdig. Geregtigheid is nie iets wat julle kan doen nie. Dit is iets wat Ek, Elohim, vir julle doen. As julle

gelowiges is, is julle so geregverdig as wat moontlik is om te wees. Hierdie deel Ek julle mee wat die Skrif sê omtrent geregtigheid. Dit is slegs waar en goed as dit in ooreenstemming is met My Woord. Kyk, My Woord is hier die maatstok. Dit is wat Ek sê wat van belang is en nie julle kerk of wat julle sê nie, dit is alleen so omdat Ek sê dat dit so is. Wanneer julle die oorvloed van genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, sal julle oor julle omstandighede heers. Julle sal invloed uitoefen op die dinge rondom julle. Kyk Ek, Jahshua het dit gedoen. Die heiliges van die Ou Testament het dit gedoen. Elia en Elisa het dit gedoen. Toe Elia oor die Jordaanrivier wou gaan en daar nie vaartuie was om hom oor te neem nie, het hy sy mantel geneem en die water geslaan het, het droë grond te voorskyn gekom en die water het teruggetrek. Ja, Elia het die omstandighede verander. Kyk hy het eenmaal gebid en dit het vir drie en ‘n half jaar nie gereën nie. Hy het oor die omstandighede geheers.

Ek, Jahshua, het eenmaal ‘n storm stilgemaak. En daarom het Ek gesê: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na My Vader gaan.”Julle as gelowiges, is veronderstel om die meester van julle omstandighede te wees. ‘n Gawe is iets wat Ek aan julle gee, en Ek gee dit, omdat Ek dit wil gee. Julle kan nie daarvoor betaal nie. As julle dit sou doen, sou dit nie meer ‘n gawe wees nie. Dan is dit ‘n loon. Daar is niks wat julle kan doen, behalwe om dit te ontvang of van die hand wys nie. Julle hoef niks te doen om geregtigheid te verkry nie, behalwe om dit aan te neem. As julle My as julle persoonlike Saligmaker aanneem, gee Ek op daardie oomblik vir julle die gawe van geregtigheid.

Geregtigheid beteken om in die regte verhouding tot My, Elohim, te staan. Julle het die gesag en die reg om voor My te staan en met My te praat, net soos met julle aardse vader. Om geregverdig te wees, beteken dus dat julle op gelyke voet met My verklaar is. Julle kan na My toe kom en met My praat wanneer julle ookal gereed is daarvoor. Ja, julle kan na My toe kom en verwag dat Ek na julle sal luister, omdat julle in die regte verhouding tot My staan.

Aan julle is die gawe van geregtigheid gegee, omdat julle My kinders is.

Amen.

# Hoofstuk 20

## *Kom met vrymoedigheid na die troon van genade*

*07/02/2008 om 14h00*

Ek, Elohim, het nie gesê dat jy volmaak is nie. Ek het gesê jy is geregverdig; jou verhouding met My is reg. Dit beteken dat jy vrymoedig tot My kan nader en dat jy nie jou hoof hoef te buig nie. Jy kan tot by die troon gaan, omdat die skrif sê dat jy dit kan doen. Die Skrif sê ook dat julle met vrymoedigheid na die troon van genade kan gaan om hulp te vind in tyd van nood. Dit is julle gesag en dit is julle voorreg, omdat julle in My, Messias is. As jy ‘n gelowige is, het Ek, Elohim, aan jou die gawe van geregtigheid gegee en jy is regverdig deur My. Kyk wat die Skrif vir julle sê wat belangrik is: “Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word, Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.” Dit is nodig dat jy 'n bewustheid van geregtigheid sal ontwikkel,

maar die meeste van julle het 'n bewustheid van ongeregtigheid. Dit is waarom julle neerlae ly in julle lewens. Dis waarom julle gebede nie krag het nie. Dit is waarom die Skrif nie vir julle 'n werklikheid is wanneer julle dit probeer lees nie. Julle sien julleself nie soos Ek julle sien nie. Jy is regverdig, omdat Ek jou regverdig gemaak het, en op grond van My geregtigheid is jy meer as 'n oorwinnaar. Jy hoef nie voor Satan en sy demone die knie te buig nie. Jy hoef nie te swig voor omstandighede nie.

Daar is vandag van julle, wat nie glo wat My skryfkneg hier skryf nie. Maar Ek sê vir jou voorwaar, aan die wat dit nie glo nie, dan glo jy ook nie aan My Woord nie. Jy is geregverdig! Dit sal vir jou maklik wees om te lewe sonder om te sondig omdat jy, as jy besef dat jy geregverdig is, sal sê: “Nee Ek kan dit nie doen nie, want Ek is geregverdig.” Die rede waarom dit vir sommige van julle maklik is om te sondig en aan te hou om jou vuil dinge te doen, is omdat jy nie besef wie jy is nie. Ja, jy dink dat jy maar net 'n ou sondaar is wat deur genade gered is. Jy is swak en dit is onvermydelik dat jy sal sondig, dus kan jy maar sowel voortgaan om te sondig. Dit, My kinders, sê Ek vandag vir jou, dit is die duiwel se leuen om jou gebonde te hou.

Amen.

# Hoofstuk 21

## *Verklaar wie jy is.*

*07/02/2008 om 22h30*

As jy besef wie jy is, sal jy sê: “Ek kan dit nie doen nie,

nee, o nee, ek is geregverdig. Ek is in Jahshua Messias 'n nuwe skepsel gemaak. Elohim lewe in my. Ek kan dit nie doen nie.” Dit sal dan vir jou maklik wees om versoekings te weerstaan. Kyk, die Skrif sê: “Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar Ek, Elohim, is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Ek sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.” Jy ontvlug deur te sê wie jy is. Jy ontvlug deur vir die duiwel en demone te sê wie jy is. Ja, jy moet in die gesig van die sonde verklaar dat jy verlos is.

Ja, baie van julle sal vra verlos van wat? Verlos van enigiets wat jou in bande kan hou. Dit beteken verlos van die drinkgewoonte; verlos van verdowingsmiddels, van bitterheid, haat, vooroordeel, armoede en siekte en enigiets wat jou gespanne en bedruk maak. Ek het gesê verlos, nie waar nie? Jy het dit nie gesê nie. Ek het dit gesê. Jy moet uitsien na die volgende dag, sodat jy in My Gees kan uitgaan om vir nog iemand die goeie nuus te vertel, sodat julle ook vry en verlos kan word. In My, Jahshua Messias, is 'n gelowige geregverdig.

Amen.

# Hoofstuk 22

## *Word innerlik Godsbewus.*

*10/02/2008 om 11h20*

Wat julle moet doen, My kinders, is om innerlik God bewus te word. Jy moet in die spieël van My Woord kyk en uitvind wat Ek van jou sê en dan begin handel asof jy werklik so is. Jy moet glo dat dit werklik jy is; jy moet

begin praat daaroor; jy moet begin verwag dat die dinge wat jy is, in jou lewe openbaar sal word, en dan sal dit gebeur. So lank as wat jy rondloop met 'n lae dunk van jouself en jy dink: “Ek is net 'n ou sondaar, gered deur genade, o, ek is so swak en onregverdig, Ek weet nie hoe ek die paal gaan haal nie,” sal jy dit nie regkry nie. Jy het so pas gesê jy sal dit nie regkry nie en Ek Jahshua het gesê jy sal kry wat jy sê. As jy sê jy gaan die paal nie haal nie, dan beroof jy jouself. Kyk, jy is geregverdig, omdat Ek, jou Vader, vir jou gesê het dat jy geregverdig is. Ek is die Een wat vir jou geregtigheid betaal het. Jy moet staatmaak op wat Ek van jou sê, en nie eers wat jy van jouself dink is van belang nie. Die Skrif sê: “As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.”

Een rede waarom jy nie regverdig voel nie, is omdat jy nie jou sonde bely het nie. Die las van die sonde mag dalk nog steeds oor jou hoof hang. Al wat jy moet doen, is om hulle te bely en hulle sal daar nie meer wees nie. Daar staan geskrywe: “As julle, julle sonde bely, Ek is getrou en regverdig om julle die sonde te vergewe en julle van alle ongeregtigheid te reinig.” Jou gemeenskap is verbreek, omdat daar onbelyde sonde in jou lewe is. Ja, al wat jy moet doen, is net om dit te bely. Sê vir My wat jy gedoen het en vergeet dan daarvan. Werp dit om My en Ek sal dit uitwis.

Julle moet bewus wees van julle geregtigheid in My.

Amen

# Hoofstuk 23

## *Ek, Elohim, woon in die mens deur My Gees.*

*10/02/2008 om 15h 45*

Sommige van julle wat vandag hier lees, is nog steeds soekend; julle smeek My, Elohim, nog steeds. Julle probeer nog steeds om iets te kry wat julle krag sal gee wat julle lewe tot seën vir andere sal maak en julle in staat sal stel om oorwinnend te lewe. Wat julle nie verstaan nie, daar is baie wat vervul is met die Gees, wat die ervaring gehad net om die gawe van die Heilige Gees te ontvang, maar julle twyfel daaraan. Julle wandel nie in die volheid van daardie krag nie. Julle wandel nie in die heerlikheid en bonatuurlikheid wat Ek vir julle gedoen het nie. Die Heilige Gees is in julle, nie daar buite nie, maar binne – in julle. Voordat dit nie vir julle 'n lewende werklikheid is nie, sal julle nooit in staat wees om 'n sterk geloof te beoefen nie. Die een wat in julle is of in julle kan wees, is die Heilige Gees. Die een wat in die wêreld is, is Satan.

Die Skrif sê dat: “Hy wat in julle is, is groter as hy wat in die wêreld is.” Dit is die rede waarom julle nie die onderspit kan delf nie. Dit is die rede waarom julle nie neerlaag wil aanvaar nie; dit is die rede waarom julle altyd bo–op die berge sal wandel en nie onder hulle nie. As julle ooit gevul was met die Heilige Gees, as julle ooit die gawe van die Heilige Gees ontvang het, dan besit julle nou daardie krag. Julle geloof moet gebaseer op My Woord wees, nie op julle gevoelens daaromtrent nie. My Woord is waar, ongeag hoe julle daaromtrent voel. Ja, die Heilige Gees woon in julle, omdat Ek, Elohim, wil hê

dat julle 'n oorwinnaar moet wees. Kyk, julle is die tempel van My, jullelewende Elohim. Ek woon in en openbaar Myself in mense. Julle is My medewerkers. Op die aarde doen Ek niks sonder die mens nie. Julle moet dit verstaan.

Amen.

# Hoofstuk 24

## ***Stel jouself tot beskikking as 'n kanaal.***

*12/02/2008 om 14h00*

Wag julle vir My, Elohim, om iets te doen? Wag julle vir My om eers neer te daal en myself te openbaar in een of ander gestalte, voordat julle sal glo? Kyk Ek, Elohim, gebruik die mens as instrument om deur te werk. Ek werk deur My en deur jou. As julle julleself nie beskikbaar stel aan My as kanale en werktuie nie, kan Ek nie op hierdie aarde iets doen nie. Die skrif sê dat Ek in menslike tempels woon. Ek woon in julle as julle My aangeneem het. Slegs diegene wat in My, die Messias is, is My broers. As julle nie in My is nie, is julle slegs 'n kennis. Kyk, die Skrif sê: “Maar almal wat My aangeneem het, aan hulle het Ek mag gegee om kinders van My te word, aan hulle wat in My Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit My, Elohim, gebore is. En die Woord het vlees geword en het onder julle gewoon – en julle het My heerlikheid aanskou 'n heerlikheid soos van die eniggeborene wat van My julle Vader kom, vol van genade en waarheid.” Deur My Jahshua Messias, ontvang julle die mag om in My familie opgeneem te word.

Voorwaar Ek, Elohim, is julle Hemelse Vader. As julle aangeneem is in My familie, deurdat julle My as julle persoonlike Verlosser aangeneem het, is Ek julle Vader en julle is My kinders. Dit sê Ek vir julle, is die enigste manier om 'n lid van My familie te word.

Kom, en neem My aan as jou persoonlike verlosser.

Amen.

# Hoofstuk 25

## *Die tempel van God.*

*12/02/2008 om 16h00*

“Weet julle nie dat julle 'n tempel van My, Elohim is en My Gees in julle woon nie?” Ja, sommige van julle vra; “Wat is sonde en wat is nie sonde nie? Wat mag julle doen en wat mag julle nie doen nie? Al wat julle moet doen, is om te besef dat Ek in julle woon. As Ek, Jahshua, na jou toe sou kom met My tas in My hand, aan jou deur klop en sê: Ek kom 'n week by jou bly,” wat sou jy doen? Ja, julle sou begin om die huis skoon te maak en goed reg te pak, julle sou julle bottels en julle kaarte en selfs die asbakkies wegsit, sodat dit nie gesien kan word nie. Ja, julle sal 'n goeie indruk op My wil maak, nie waar nie? As julle vriende en bure besoek aflê, sal julle hulle by die deur ontmoet en waarsku om versigtig te wees wat hulle sê, want Ek is daar. Hoekom? Omdat julle eerbied het vir My teenwoordigheid. Nee, hoe kan julle nog verdowingsmiddels gebruik? Hoe kan julle nog sterk drank drink? Hoe kan julle nog nikotien gebruik? Daardie dinge beroof julle liggaam van My krag. Ek, Elohim, is IN JULLE nie buite julle nie.

Die inwoning van die HEILIGE GEES moet vir julle 'n werklikheid wees en word. As julle besef dat Ek, Elohim, in julle is, deur die krag en die teenwoordigheid van die Heilige Gees, sal dit julle help om die smal weg te bewandel. Julle sal vind dat dit maklik is om 'n gelowige te wees. Dit is maklik om dinge te doen wat reg is, as julle dit wil doen. Ja, Ek spreek hierdie woorde vandag deur My skryfkneg, en Ek is nie 'n leuenaar nie: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want My juk is sag en My las is lig.” As julle 'n swaar las dra, raak ontslae daarvan en gee dit aan vir My. Kyk, daar staan geskrywe: “As iemand My tempel skend, sal Ek hom skend; want My tempel is heilig, en dit is julle.” As julle sê dat julle vervul is met die Heilige Gees en julle nog al daardie onheilige dinge doen, dan moet julle julleself regruk.

Julle mag wat julle doen vir julle vader en moeder verberg, maar julle kan dit nie vir My wegsteek nie. Ja, as die byl val, moet julle nie roep: “O Vader, wees ons genadig nie!” Julle liggaam is die tempel. Dit behoort 'n Heilige plek te wees. Dit behoort rein te wees. Verheerlik My, Elohim, dan in julle liggaam en in julle!” EK IS IN JULLE! Voordat julle dit nie besef en op My, die Groter Een begin steun nie, sal julle nie 'n kanaal van seën kan wees nie.

Ja, Ek vra weer: “Kom, en steun op My!”

Amen.

# Hoofstuk 26

## *Die waarheid van My, Elohim, se woord sal jou vrymaak.*

*13/02/2008 om 00h05*

“Ek sal jou nooit begewe of jou nooit verlaat nie.” Ek is in julle.” Ek sal julle die Heilige Gees gee en Hy sal vir altyd by julle bly.” Ek sal die krag voorsien wat julle nodig het om julle in staat te stel om elke hindernis en elke versoeking te oorwin. Al wat julle moet doen, is om in die geloof uit te reik na My en My te ontvang. As julle in My Woord bly, is julle waarlik My dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak. Sien julle, dit is die waarheid van My Woord wat julle vrymaak. WAARLIK VRY! Baie van julle is vandag in boeie. Julle het allerhande probleme en julle weet nie waarheen om te gaan nie: Julle probeer julle kalm voordoen en julle sal daar sit met 'n glimlag, maar binne – in julle is dit 'n siedende vulkaan.

Julle kan vry wees!

Ek is die gawe van saligmaking, maar die Heilige Gees is ook 'n gawe. Hy is 'n gawe van krag. Julle het albei nodig en dan het julle krag nodig om daardie lewe van saligheid in die krag van My Gees te lewe en nie met die krag van julle eie verstand nie. Kyk Ek, Jahshua, het gesê: “As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!” Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: “Strome van lewende water sal uit Sy binneste vloei.”

Ja, die wat dors het, kom na My toe en drink.

Amen.

# Hoofstuk 27

## *Vertrou op die een wat groter is.*

*13/02/2008 om 14h00*

Vertrou op die Een wat groter is, Ek Elohim sal vir ewig in jou bly. Kyk, Ek het gesê: “Ek sal jou nooit begewe of jou nooit verlaat nie.” Ek is in jou. “Ek sal julle die Heilige Gees gee en Hy sal vir altyd by julle bly.” Ja, Ek Jahshua, sê vandag vir jou as jy die gawe van die Heilige Gees ontvang het, sal daar uit jou binneste “strome van lewende water vloei.” Julle kan van 'n fontein lewe, in die sin dat dit julle van drinkwater sal voorsien. Ja, julle kan die water drink en aan die lewe bly, maar weet julle wat julle nie met die fontein kan doen nie? Julle kan nie die water gebruik om enige werk te doen nie, want stilstaande water kan nie krag voortbring nie. Lopende water produseer krag.

Ek, Elohim, wil hê dat julle vervul moet wees met die Gees, sodat julle meer kan doen as om net te lewe. Ek het gekom dat julle lewe en oorvloed kan hê. Ek is julle Trooster, julle Vader, julle Vriend en julle Vertroueling. Vir al julle behoeftes kan julle na My toe kom. Ek sal julle voed, julle bemoedig, julle vrees sal Ek stil, ja, Ek sal alles vir julle doen. Kyk, Ek sal julle nooit agterlaat nie, Ek sal aan julle iemand gee om julle te help en julle by te staan in My dinge. Dit is die Heilige Gees.

Kyk My kinders, Ek sê vandag vir julle, laat elkeen van julle tot bekering kom tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Ek, Elohim, herhaal, julle sal DIE HEILIGE GEES ontvang.

Amen.

# Hoofstuk 28

## *Dit is jou verantwoordelikheid.*

*13/02/2008 om 15h15*

Die verantwoordelikheid om met die Heilige Gees vervul te wees, rus op julle. Julle moet Hom ontvang.

Julle mag nou vra: “Maar wat is dan nou die nut daarvan om met die Heilige Gees vervul te wees?” Dit is om krag te hê. Om bonatuurlike krag te hê, sodat My werke deur die Gees in goddelike krag verrig kan word. Te veel van die dinge wat julle doen, word in julle eie krag gedoen. Die verantwoordelikheid om vervul te wees met die Gees rus nie op My, Elohim nie, maar op julle. Ja, Ek het alreeds gegee, dit berus nou by julle om te ontvang. As dit eers eenmaal vir julle 'n lewende werklikheid geword het, dan is daar bonatuurlike vermoëns in julle en julle geloof sal sterk word.

Ek is lewe en Ek is Gees. Die inwonende Gees moet vir julle 'n werklikheid wees en word.

Amen.